

WAT PAS EN WAT NIE PAS NIE

Soms beoordeel 'n mens iets deur te sê dat jy rustigheid daaroor het (d.w.s. jy dink dit is reg) of dat jy onrustig daaroor is (m.a.w. jy is nie seker of dit reg is nie). Wanneer jy rustigheid oor iets het, is dit vir jou goed en gepas - dit is hoe dit hoort. Aan die ander kant, as jy onrustig daaroor is, is dit onvanpas en onaanvaarbaar. In Hebreeus is daar twee verwante woorde wat gebruik word om iets te beskryf wat gepas en aangenaam is, naamlik "naveh" en "navah". Die Skrif sê byvoorbeeld dit is gepas om 'n loflied tot eer van Elohiem te besing (Tehielliem / Psalm 33:1 en 147:1). Dis hoe dit hoort en daarom is dit ook reg. So is dit ook gepas dat die huis van Yahweh (en trouens alles wat met Yahweh verbind word) afgesonderd sal wees (Tehielliem / Psalm 93:5) - Hý is immers afgesonderd en dis niks minder as reg dat sy huis ook afgesonderd sal wees nie. Die woorde van YeshaYahu / Jesaja 52:8 is baie bekend: "Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep; wat aan Tsion sê: Jou Elohiem is Koning!" Die woord wat met "lieflik" vertaal word, is "navah" en in die konteks van YeshaYahu 52 is die bedoeling is eintlik: Yahweh gaan weer sy guns en sy grootheid aan sy volk bewys en dan sal dit net reg wees (of heel gepas wees) dat boodskappers deur die hele land gestuur sal word wat hierdie boodskap aan almal bekendmaak.

Daar is natuurlik ook dinge wat duidelik nie gepas is nie. Daar word heelwat van hierdie soort dinge in die boek Mieshle (Spreuke) opgenoem. Mieshle 11:22 sê 'n vrou wat mooi is maar nie integriteit het nie, is iets wat nie pas nie. Mieshle 17:7 sê dit is onvanpas dat leuens en onwaarhede oor die lippe van 'n edele persoon kom. Mieshle / Spreuke 19:10 sê dis nie gepas dat 'n kneg oor sy eienaar heers nie. Mieshle 26:1 sê eer pas nie by 'n dwaas nie. In die Nuwe Verbond word ook dinge uitgesonder wat nie pas nie. Y'shua het gesê nuwe wyn pas nie by ou leersakke nie (Luk 5:37) en Shaul (Paulus) het gesê dwase praatjies pas nie by die afgesonderdes in die Messias nie (Efes 5:4).

Vir baie mense is dit nie so maklik om die antwoord te vind op die vraag "Wat pas en wat nie?". Uiteraard hou dit verband met vrae soos "Wat is nou eintlik reg?". En "Wie is nou eintlik reg?". Wat is aanvaarbaar en wat is nie aanvaarbaar nie? Wat is onontbeerlik (Engels: "indispensable") vir die geloof, wat is opsioneel en wat is skadelik (Engels: "harmful") vir die geloof? Wat is die kriterium van "gepas"? As iets gepas is in my eie oë of in die oë van die meerderheid, beteken dit noodwendig dat dit gepas is in die oë van Yahweh?

'n Studie van die twee begrippe "naveh" en "navah" mag ons dalk nader aan 'n antwoord op al hierdie vrae bring. Ons het hier met nog 'n voorbeeld te make waar die rykdom van die Hebreeuse taal 'n veel beter begrip gee van wat met sekere woorde bedoel word. Hierdie selfde twee woorde word dikwels gebruik om na een of ander soort "woning" of "woonplek" te verwys - 'n plek waar 'n mens tuis voel, 'n plek waar jy rus vind, 'n plek waar jy verkwik word en waar jy vertoef omdat jy nie enige begeerte het om elders heen te gaan nie. Dit kan onder meer in die volgende gedeeltes gesien word:

Shemot / Exodus 15:13 - U het deur u guns die volk gelei wat U verlos het; U het hulle deur u krag na u afgesonderde woning ("naveh") gevoer;

Job 8:6 - as jy rein en opreg is sal Hy ... jou woning ("navah") herstel ooreenkomstig jou geregtigheid;

Mieshle / Spreuke 3:33 - Yahweh seën die woonplek ("naveh") van die regverdiges;

Mieshle 21:20 - 'n Kosbare skat en olie is in die woning ("naveh") van die regverdige;

YeshaYahu / Jesaja 32:18 - En my volk sal woon in 'n plek ("naveh") van vrede en in veilige wonings en in plekke van ongestoorde rus;

YeshaYahu 33:20 - Jou oë sal Yerushalayië sien as veilige woonplek ("naveh"), as tent wat nie wegtrek nie, waarvan die penne nooit meer uitgeruk word nie en geeneen van sy toue ooit losgeskeur word nie;

Hoshea 9:13 - Efrayië ... is geplant in 'n mooi omgewing ("naveh");

Tehielliem / Psalm 23:2 - Hy laat my neerlê in groen weivelde ("navah").

Hieruit kan 'n mens aflei dat daar 'n duidelike verband is tussen "in pas wees" en "tot rus kom in 'n geestelike tuiste". Die een is afhanklik van die ander. 'n Mens kan makliker onderskei wat is gepas en wat nie, en wat is in lyn en wat nie, as jy 'n plek gevind het wat vir jou 'n tuiste is. Maar die omgekeerde is ook waar: 'n Mens kan eers werklik tot rus kom op 'n plek en daardie plek jou "huis" of jou "tuiste" noem as jy die onderskeid tussen reg en verkeerd (tussen wat pas en wat nie pas nie) onder die knie het. Die enigste manier om die onderskeid tussen reg en verkeerd (vanpas en onvanpas) onder die knie te kry, is om Yahweh se eie kriteria daarvoor te gebruik. Die grootste enkele rede waarom mense soms jare "rondswerf" op soek na 'n geestelike tuiste is omdat hulle nie so ver kan kom om eenvoudig die Woord as absolute riglyn vir hulle lewe te aanvaar nie. Die Skrif se boodskap is duidelik: sodra jy besluit om te buig onder die gesag van Yahweh se Woord (wat nie dieselfde is as om te buig onder die gesag van mense of kerke wat sê dat hulle Yahweh se Woord volg nie), sal Yahweh jou self na sy afgesonderde woonplek voer (Shemot 15); sal Hy jou woning herstel (Job 8); sal Hy jou woonplek seën (Mieshle 3); sal Hy vir jou 'n plek van vrede voorsien (YeshaYahu 32); sal Hy jou plant in 'n mooi omgewing (Hoshea 9) en sal Hy jou neerlê in groen weivelde (Tehielliem 23). Dit sal nie vir meer nodig wees om rond te skarrel en van een plek na 'n ander rond te trek en voortdurend na iets beter te hunker nie. Nee, Hy, Yahweh self, sal 'n einde daaraan maak. Hy gee vir iets wat volmaak by jou pas en Hy stort sy eie Gees in jou binneste uit om van nou af instinktief te weet wat pas en wat pas nie.

Nog 'n interessante verskynsel van die Hebreeuse taal wat vir ons in hierdie opsig kan help, is die feit dat twee woorde wat op die oog af effens verskillend mag lyk (en soms heeltemal verskillend uitgespreek word), tog aan mekaar verwant kan wees - op so 'n manier dat die gebruik van die een woord waardevolle lig kan werp op die betekenis van die ander. Die woord "navah" en die woord "noag" word in Hebreeus op byna presies dieselfde manier geskryf. Die twee woorde lyk effens verskillend, klink heeltemal verskillend, maar wat betekenis betref, lê hulle baie naby aan mekaar. "Noag" beteken "rus" of "rusplek" of "plek van vertroosting en verkwikking" en hierdie betekenis word ook gekoppel aan die persoon in die Skrif wat ons ken as "Noag". 'n Kykie na sommige gedeeltes waarin hierdie woord "noag" na vore kom sal verdere lig werp op die diepste betekenis van "navah" en wat dit werklik beteken om te kan sê: Ek het rustigheid oor die geloofspad wat ek gekies het en ek weet dat ek met hierdie pad in lyn en in pas is met wat Yahweh van die begin af in sy Woord uitgestippel het.

Devariem / Deut 12:20 Maar julle sal deur die Yarden trek en woon in die land wat Yahweh julle Elohiem julle laat erwe, en Hy sal julle rus gee van al julle vyande rondom, en julle sal veilig woon.

1 Melagiem / 1 Konings 5:4 Maar nou het Yahweh my Elohiem my rus gegee rondom; daar is geen teëstander en daar is geen onheil wat dreig nie.

Job 3:13 Want dan sou ek daar gelê en stil gewees het; ek sou geslaap, ek sou dan rus gehad het,

Mieshle / Spreuke 29:17 Tugtig jou seun, dan sal hy jou rus gee en aan jou siel vreugde verskaf.

YeshaYahu / Jesaja 28:12 Hy wat aan hulle gesê het: Dit is die rus, gee rus aan die vermoeties, en dit is die verkwikking. Maar hulle wou nie luister nie.

YeshaYahu 63:14 Soos vee wat aftrek in die laagte, het die Gees van Yahweh hulle na die rus gelei. So het U u volk gelei, om vir U 'n roemryke Naam te maak.

Devariem / Deut 5:14 maar die sewende dag is die Shabbat van Yahweh jou Elohiem; dan mag jy geen werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou esel of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie; sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus soos jy.